

“Administratiewe Reg is ‘n nuttige instrument om die besluitneming deur plaaslike owerhede te betwis. Ons kan ons organisasies mobiliseer om administratiewe reg te gebruik om besluite te betwis wat ons en ons werk raak.”

Oor vroue in informele indiensneming: globalisering en organisering (WIEGO)

WIEGO is 'n netwerk van individue en organisasies wat poog om die informele werker se stem, sigbaarheid en geldigheid te verhoog. Ons werk saam met "StreetNet International", wat organisasies vir straatverkopers regoor die wêreld organiseer. Ons werk ook saam met organisasies vir informele herwinnaars in baie lande, asook in Suid-Afrika.

WIEGO se Regsprogram en sy Organisasie- en Verteenwoordigingsprogram het hierdie boekie ontwikkel. WIEGO se regsprogram bemagtig werkersorganisasies om te veg vir hul erkenning en regte as werkers op plaaslike, nasionale en internasionale vlak. WIEGO se Organisasie- en Verteenwoordigingsprogram werk daaraan om lidmaatskap-gebaseerde organisasies (MBO's) van informele werkers te versterk, veral diegene wat vroue as lede het en leiers om sektor-spesifieke netwerke van sodanige organisasies te bou.

Vir meer inligting en WIEGO-hulpbronne, gaan na www.wiego.org. U kan ons ook volg op Facebook op [Facebook.com/wiegoglobal](https://www.facebook.com/wiegoglobal) en Twitter op <http://twitter.com/wiegoglobal>

Waarom ons hierdie inligtingsboekie gemaak het

Hierdie inligtingsboekie is ontwerp vir informele werkers (veral straatverkopers en informele herwinnaars) wat in die publieke ruimte in Suid-Afrika werk. Dit verskaf 'n inleiding tot administratiewe reg, as 'n instrument wat werkers kan gebruik om diskriminerende optrede en besluite deur munisipale beamptes te betwis. Gebruik hierdie boekie om te leer wat is U regte en regsmiddele wat beskikbaar is, hetsy U 'n straatverkoper, informele herwinnaar of 'n ander werker is wat in 'n munisipale ruimte werk. Hierdie boekie kan ook gebruik word deur organiseerders as 'n hulpbron om werkers te onderrig.

Die boekie is gebaseer op WIEGO Tegnieuse Opdrag (Technical Brief) 10, *Die gebruik van administratiewe reg om informele bestaansreg te beveilig: Lesse uit Suid-Afrika (Using Administrative Law to Secure Informal Livelihoods: Lessons from South Africa)* wat [hier](#) op die WIEGO webwerf beskikbaar is en wat saamgestel is deur werkwinkels wat gehou is saam met straatverkoper- en informele herwinnaarleiers. Diegene het die WIEGO Regsfakulteit : Administratiewe Reg in Februarie 2018 bygewoon.

Ons dra hierdie boekie op aan straatverkoper-leier en aktivis, John Makwicana (1947 – 2018). John was die Voorsitter van Handelaars Teen Geweld en Adjunk-Voorsitter van Masibambisane Traders Association (MATO). John het 'n reuse oorwinning vir informele werkers behaal toe hy 'n [mylpaalsaak](#) teen die Durban Stadsraad gewen het na die skut van sy goedere deur die Metropolisie in 2013. Sy saak het 'n wettige president geskep om die grondwetlikheid om handelaarsgoedere te skut, te betwis en het erkenning en geldigheid van informele werk wêreldwyd verwerf.

Omslagfoto's van links na regs: Tasmi Quazi, Asiye eTafuleni en Chris Bonner

Ontwerp deur: Julian Luckham van Luckham Creative

Inhoud

1. Inleiding tot Administratiewe Reg	4
1.1 Wat is Administratiewe Reg?	4
1.2 Wie is Administrateurs?	4
1.3 Waar kom Administratiewe Reg vandaan?	5
1.4 Wat is 'n Administratiewe Optrede?	5
1.5 Wat is Regverdige Administratiewe Optrede?	5
2. Berei voor om 'n administratiewe optrede te betwis	6
2.1 Is dit wettig?	6
2.2 Is dit redelik?	7
2.3 Is dit billike prosedure?	8
2.4 Die reg om redes aan te vra	9
3. Betwis administratiewe optrede: Regsmiddele en strategieë	10
3.1 Die Regsroete: Gebruik van die Howe	10
3.2 Ander maniere om administratiewe optrede te betwis	12
4. Wie om te kontak as U regshulp benodig om administratiewe optrede te betwis	14



Foto: WIEGO



Inleiding tot Administratiewe Reg

1.1 Wat is Administratiewe Reg?

Administratiewe reg is 'n vertakking van burgerlike reg/publieke reg, wat die verhouding tussen die regering en gewone mense reguleer. Administratiewe reg reguleer aktiwiteite van amptenare of liggame/instansies (administrateurs) wat openbare bevoegdheids uitoefen en openbare funksies verrig. Dit is ontwerp om te verseker dat administrateurs op 'n billike manier besluite neem. Die Grondwet beskerm U reg op administratiewe geregtigheid, wat beteken dat administrateurs wettig, regverdig en hulle handelwyse billik moet wees.

Wette en beleide is die "Bemagtigingsbepalings" wat administrateurs magtiging gee om hulle funksies uit te voer. Administrateurs implementeer hierdie bepalinge. Administratiewe reg reguleer die manier waarop openbare amptenare hul openbare funksies verrig. Dit stel U in staat om die manier waarop administrateurs besluite en aksies neem, te betwis. Dit help om openlikheid, verantwoordbaarheid en behoorlike prosesse deur regeringsamptenare te bevorder.

1.2 Wie is Administrateurs?

'n Administrateur is enigiemand wat besluite maak wat die publiek raak. Dit kan 'n amptenaar van die plaaslike regering wees in beheer van die uitreiking van informele handelspermitte, 'n gesondheidsinspekteur, 'n stadsbestuurder, 'n verkeersbeampte, of 'n bestuurder van 'n mark in stadsbesit. Dit kan ook 'n privaat persoon wees wat werk doen van 'n openbare aard wat die plaaslike regering uitgekonnekteer het, byvoorbeeld sanitasie, vullisverwydering of markbestuur.

1.3 Waar kom Administratiewe Reg vandaan?

In Suid-Afrika is daar drie bronne van administratiewe reg, naamlik:

- Artikel 33 van die Grondwet
- Wet op die Bevordering van administratiewe geregtigheid (PAJA) 3 van 2000
- Hofbeslissings

1.4 Wat is 'n Administratiewe Optrede?

Nie alle optredes deur 'n regeringsamptenaar is administratiewe optredes nie. Die PAJA omskryf administratiewe optrede soos volg:

- 'n Optrede of besluit deur 'n administrateur (openbare beampte of privaat persoon wat openbare mag uitoefen), of 'n versuim deur 'n administrateur om op te tree of te besluit.
- 'n Besluit van 'n administratiewe aard met 'n openbare bevoegdheid/funksie wat:
 - ▶ oor die algemeen van toepassing is op die publiek of 'n gedeelte van die publiek;
 - ▶ vereis dat mense iets doen of nie moet doen nie;
 - ▶ verwant is aan 'n duidelike wetlike raamwerk en doel;
 - ▶ spruit uit openbare diens, nie privaatdoel nie.
- Gemaak in terme van 'n bemagtigingsbepaling, soos grondwet, wetgewing, verordeninge, gemenerereg bevoegdhede, gewoontereg en beleid.
- Mense se regte negatief beïnvloed.
- Nie 'n uitvoerende of wetgewende optrede is nie.

1.5 Wat is Regverdige Administratiewe Optrede?

Vir administratiewe optrede om billik of regverdig te wees, moet dit:

- *Wettig* wees: die beampte moet optree binne die perke van die wet; gemagtig wees om op te tree en nie sy/haar gesag misbruik of oorskry nie.
- *Redelik* wees: optredes/besluite wat geneem word, moet rasioneel wees en by die doel pas.
- *Handelswyse billik* wees: moet die reg tot verhoor insluit en die besluitneming moet onpartydig wees.

Daarbenewens kan U daarop aandring dat 'n administrateur sy/haar besluit skriftelik aan U verskaf indien die besluit U raak.


Voorbeelde van Administratiewe Optredes



- Uitsetting van informele handelaars;
- Uitreik of weiering om permitte aan handelaars uit te reik;
- Afbakening en toewysing van handelsruimte;
- Skut van goedere;
- Arrestasie van informele handelaars;
- Instel van voorwaardes op lisensies: fooie, ure, ens.;
- Instel van voorwaardes op informele herwinnaars se toegang tot stortingsterreine;
- Informele herwinnaars toegang weier tot stortingsterreine;
- Kontrakte te gee aan privaat ondernemings om herwinbare produkte in te samel sonder om informele herwinnaars te betrek.



Foto: J. Barrett



Berei voor om 'n Administratiewe optrede te betwis

Die drie belangrikste vrae om te vra wanneer U die optrede of openbare beamptes wil betwis, is: Is dit wettig? Is dit redelik? Is dit billike prosedure? Om hierdie vrae te beantwoord, moet U meer uiteenlopende vrae vra.

2.1 Is dit wettig?

- (i) Het die administrateur die magtiging gehad om op te tree? Probleme ontstaan wanneer die administrateur:
- ▶ nie kan aandui waar sy/haar *wettige gesag* om op te tree vandaan kom nie; versuim om te verwys na 'n verordening, beleid, Parlements wet, ens. wat hom/haar mandaat gee om op te tree of 'n besluit te neem;
 - ▶ *optree buite sy/haar gesag*, bv. 'n verordening stel die raad in staat om die tyd wat 'n handelaar mag handel dryf te beperk wanneer 'n permit uitgereik word. Die Raad stel nog 'n beperking in wat die wet nie toelaat nie, byvoorbeeld 'n beperking op die goedere wat 'n handelaar mag verkoop.
 - ▶ *verander 'n geldige besluit sonder konsultasie*, bv. verminder die aantal handelsplekke in 'n handelsplan wat die raad aanvaar het in oorleg met die handelaars;
 - ▶ *delegeer sy/haar pligte onwettig* aan 'n ongemagtigde persoon, byvoorbeeld wetstoepassing wat magte delegeer aan 'n privaat sekuriteitsfirma om oortreders te arresteer.

Vra die regeringsamptenare waar hul bevoegdhede vandaan kom



Wanneer 'n regeringsamptenaar (dit sluit polisie in) 'n besluit neem wat U negatief beïnvloed, moet U vra:

“Ek het 'n grondwetlike reg om te weet watter wet of regulasie gee U die bevoegdheid om hierdie besluit te neem. Wys my asseblief presies waar U bevoegdheid vandaan kom.”

- (ii) Het die administrateur binne sy/haar bevoegdhede (jurisdiksie) opgetree? 'n Administrateur het buite sy/haar gesag opgetree wanneer die administrateur:
- ▶ versuim om die wet te interpreteer wat sê wat administrateurs mag of nie mag doen nie;
 - ▶ versuim om die voorgeskrewe prosedure te volg, byvoorbeeld die aanneming/aanvaarding van 'n handelsplan sonder om die prosedure te volg wat in die verordening of beleid vereis word, soos die vereiste om die betrokke partye te raadpleeg en om 'n kennisgewing in plaaslike koerante te publiseer;
 - ▶ 'n besluit neem of optree sonder om seker te maak dat die *feite wat moet bestaan voordat die optrede kan plaasvind wel bestaan*, bv. 'n verordening stel amptenare in staat om beslag te lê op goedere as daar redelike twyfel bestaan dat die handelaar nie 'n permit het nie. Indien 'n amptenaar beslag lê op goedere sonder om te luister na 'n handelaar se verduideliking of om die handelaar (of handelaars-assistent) 'n regverdigde kans te gee om aan te toon dat hy/sy wel 'n permit het, het die amptenaar onwettig opgetree.
- (iii) Het die administrateur sy/haar diskresie misbruik? 'n Administrateur misbruik sy/haar diskresie wanneer die administrateur:
- ▶ *optree met bybedoelings* (verskuilde agenda), bv. die verskuiwing van handelaars om plek te maak vir 'n nuwe ontwikkeling wat die amptenaar of hul familie direk sal baat;
 - ▶ *optree ter kwader trou* (bedrog, oneerlikheid), bv. amptenare vertel 'n groep informele herwinnaars dat hulle 'n “boete” moet betaal om trollie te stoot op 'n openbare pad wanneer daar geen wet is wat voorsiening maak vir so 'n boete nie.
 - ▶ *versuim om hulle gedagtes toe te pas om die situasie*, bv. 'n Stadsraad stuur 'n faktuur vir huur aan 'n handelaar. Die handelaar ontdek dat al die ander handelaars wat soortgelyke goedere verkoop in dieselfde gebied, slegs die helfte betaal van dit wat die raad haar vra. Wanneer sy die raad nader, vertel hulle haar dat hulle nie die faktuur kan verander nie, want “die rekenaar bereken al die huur”.

2.2 Is dit redelik?

Administratiewe optredes moet redelik wees. Hierdie vereiste word die beste geïllustreer deur middel van 'n voorbeeld: 'n Stadsraad het informele herwinnaars toegang te eniger tyd tot 'n stortingsterrein toegelaat. Sedert die raad die besluit geneem het en informele herwinnaars toegang gehad het, was daar al drie ernstige brandgevalle op die stortingsterrein, almal snags. Die Stadsraad vind uit dat sommige informele herwinnaars op die stortingsterrein bly om hul afval na donker te sorteer en dan vuur maak om warm te bly. Die stad verban al die informele herwinnaars om toegang te eniger tyd tot die stortingsterrein te verkry.

Om te bepaal of hierdie optrede redelik was, moet U drie vrae oorweeg.

- (i) Was die optrede of besluit geneem vir 'n *regmatige doel*? Ja, dit was, die raad wou brande verhoed op die stortingsterrein (neem asseblief kennis: as daar nie 'n regmatige doel was nie, sou die besluit onredelik wees).

- (ii) Was die optrede of besluit *logies verbonde aan hierdie doel*? U kan aanneem dat die kans op brande sal verminder deur mense te verban van die stortingsterrein (maar as daar geen verband was tussen die besluit en die doel nie, sou die besluit onredelik gewees het).
- (iii) *Was die optrede of besluit die mees geskikte manier om daardie doel te bereik* of het dit te ver gegaan? U moet verskillende faktore oorweeg; bv. U moet die redes vir die besluit opweeg teen die impak van die besluit op mense wat daardeur geraak word. Indien die verbod die informele herwinnaars sal ontnem van hul middele om 'n bestaan te maak, sou U kon argumenteer dat 'n totale verbod op toegang tot die stortingsterrein te ver gaan om te probeer brande voorkom en die raad ander opsies moet oorweeg, bv. toegang tot die stortingsterrein beperk tot net deur die dag en monitor wie op die stortingssterrein is op enige gegewe tyd.

Aangesien daar ander maniere is om brande te voorkom, sou U kon argumenteer dat die besluit nie redelik is nie.

2.3 Is dit 'n billike prosedure?

Vir 'n administratiewe optrede om billik te wees, moet

- (i) Die administrateur moet aan die betrokke partye 'n verhoor toestaan:
- ▶ Waar die administratiewe besluit *U individuele regte of wettige verwagtinge affekteer, moet die volgende teenwoordig wees:*
 - ▶ 'n Verhoor;
 - ▶ Voldoende kennisgewing van die optrede en die doel van die optrede;
 - ▶ 'n Redelike kans om 'n voorstelling te maak;
 - ▶ 'n Duidelike verklaring van die administratiewe optrede of besluit sodra dit geneem is;



Foto: J. Rajgopal

- ▶▶ 'n Kennisgewing wat U vertel dat U die reg het om die besluit te laat evalueer en om redes vir die optrede aan te vra;
 - ▶▶ 'n Keuse om 'n verteenwoordiger te hê of om persoonlik te verskyn.
 - ▶ Waar die optrede 'n groep mense of die publiek raak, moet daar 'n openbare deelnameproses wees. Sommige informele verordeninge en beleide oor handel sit die prosedures en tydlyne vir kennisgewings en konsultasie uiteen.
- (ii) Die administrateur moenie bevooroordeel wees nie en moet ontvanklik wees vir oordeel.

2.4 Die reg om redes aan te vra

U geniet ook die reg om redes aan te vra as U regte deur administratiewe optrede geraak word.

Hierdie reg help U om te verstaan waarom die amptenaar die besluit geneem het, sodat U kan besluit OF en HOE U die besluit wil betwis. **U moet redes aanvra binne 90 dae** vandat U van die administratiewe optrede uitgevind het.

Versoek Redes op Skrif




Opmerking: Onthou om redes skriftelik aan te vra en hou 'n afskrif van U brief. U brief moet die datum bevat en moet verkieslik 'n stempel hê om te bewys wanneer U dit aan die owerhede besorg het. As die munisipaliteit nie redes aan U verskaf nie, sal 'n prokureur U kan help om die munisipaliteit hof toe te neem.

Redes moet:

- Spesifiek wees;
- Uiteengesit word in duidelike en eenvoudige taal en in ('n) amptelike taal/tale wat die meeste mense in die munisipale gebied kan praat;
- Toepaslike lengte wees en alle besonderhede bevat;
- Verduidelik hoe die administrateur die besluit bereik het eerder as om bloot te sê wat hulle besluit het.



Foto: WIEGO



Betwis Administratiewe Optrede: Regsmiddele en Strategieë

Daar is verskillende maniere om 'n administratiewe besluit of optrede te betwis en te beïnvloed.

Die roete wat U neem sal afhang van faktore soos:

- die tipe optrede of besluit;
- die beginsels wat die administrateur oortree het;
- U organisatoriese mag, kennis en hulpbronne;
- U toegang tot ondersteuning;
- U ervaring en kennis van die houding van die verantwoordelike stadsbeamptes.

3.1 Die Regsroete: Gebruik van die Howe

Daar is twee maniere om administratiewe optrede deur die howe te betwis:

(i) Geregtelike Hersiening

Ingevolge die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (PAJA), kan die howe die besluitnemingsproses beoordeel om te sien of die uitslag op 'n aanvaarbare manier bereik is. Dit is egter nie 'n appèlproses nie en die howe besluit dus nie gewoonlik of die uitslag self reg of verkeerd is nie. Indien die howe bevind dat die besluit nie aan die vereistes van wettigheid, redelikheid en prosedurele billikheid voldoen nie, sal hulle die besluit meestal tersyde stel en die administrateur vra om dit weer op 'n wettige, redelike of prosedureel billike manier te hanteer.

In seldame gevalle, het howe:

- beveel dat die werklike besluit verander moet word;
- die administrateur gelas om die betrokke persoon/ persone te vergoed;
- 'n interdik toegestaan wat versoek dat die administrateur moet ophou om iets te doen of hom/haar te versoek om iets te doen.

(ii) Direkte Grondwetlike Protes

U kan 'n *pro bono* (gratis) prokureur vra om U te help om hof toe te gaan om die wet of verordening self te betwis as dit enige grondwetlike reg (insluitend die reg tot administratiewe geregtigheid) skend.


Oorweeg Enige Besluit om Hof toe te gaan Sorgvuldig



Opmerking: U moet enige besluit om hof toe te gaan baie deeglik oorweeg. Sou U besluit om hof toe te gaan, sal U die ondersteuning van prokureurs benodig en moet U voorbereid wees op 'n lang en duur proses.

Die blokkie hieronder verduidelik hoe 'n straathandelaar van Durban die howe genader het toe Stadsraadsbeamptes beslag op sy goedere gelê het.

Durban Straathandelaar staan op teen Stadsverordening



'n Durbanse straathandelaar, John Makwicana, wat R775 verloor het toe beslag op sy goedere gelê is, het 'n reuse oorwinning vir informele handelaars behaal toe die Durban Hooggeregshof beslis het dat verordeninge wat beamptes onbepaalde mag gee om hul eiendom te skut en te konfiskeer, ongrondwetlik is.

Makwicana het wettig handel gedryf sedert 1996. Soos baie ander handelaars, is sy voorraad onbillik gekonfiskeer deur die metropoliese. Sy goedere is geskut en het later "verdwyn".

Die regter het beslis dat beslaglegging van handelaars-goedere sonder kennisgewing 'n skending van hul regte was.

Die munisipaliteit is beveel om Makwicana te vergoed vir sy goedere en die verantwoordelike beampte is gelas om 'n gedeelte van sy regskostes te betaal.

Die regter het beslis dat die eThekweni verordening handelaarsregte tot toegang van eiendom en handel geskend het en neerkom op diskriminasie en gesê dat die Stad van eThekweni hulle in lyn moet bring en "die houding van beamptes moet regstel" wat empatie teenoor straathandel moet toon.

Die saak het getoon dat straathandelaars dikwels deurloop onder stadsbeamptes en het aangedui dat verordeninge hulle effektief in staat gestel het om handelaars te straf voordat 'n geregshof skuld bepaal het. Die regter het die Stad versoek om sinvol met handelaars in gesprek te tree wanneer die verordening hervorm word.

VERW. *Informele Handel in Johannesburg. Jou regte*, bl. 52-53 Foto: Tasmu Quazi, Asiye eTafuleni

3.2 Ander maniere om Administratiewe Optrede te betwis

Daar is verskeie maniere wat U kan gebruik om administratiewe optrede te betwis, anders as om hof toe te gaan:

(i) Reg om redes aan te vra (sien hierbo)

Dit is 'n goeie idee om U reg uit te oefen en om redes aan te vra, want dit mag U in staat stel om aan 'n hof of ombudsman te wys dat die besluitnemer nie redes vir hul optrede kon aanvoer nie of dat die redes nie gegrond was nie. U kan argumenteer dat die administrateur nie sy/haar gedagtes toegepas het nie (wettigheid) of dat die besluit irrasioneel was (redelikheid).

(ii) Interne appèl

Baie munisipale verordeninge, regulasies of beleide stel U in staat om 'n interne appèl te vra of aanhangig te maak. Baie munisipale verordeninge verwys na die Wet op Munisipale Dienste, wat U in staat stel om appèl aan te teken teen 'n besluit wat geneem is deur 'n politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid of personeelid van 'n munisipaliteit. U moet skriftelik kennis gee van die appèl en U redes daarvoor aan die munisipale bestuurder **binne 21 dae** na ontvangs van 'n kennisgewing van die besluit oorhandig. Onthou om 'n afskrif van U kennisgewing te hou en probeer om U afskrif gestempel te kry wanneer U die oorspronklike aflewer.

Die persoon wat die appèl aanhoor kan uitspraak lewer of die administrateur 'n behoorlike proses gevolg het of kan beslis dat die besluit verkeerd was en die besluit verander.

(iii) Ombudsman

Sommige munisipaliteite het 'n Ombudskantoor of Ombudspersoon waar U klagtes kan indien. Die Ombudsman sal klagtes ondersoek en oplos.

U kan ook die Openbare beskermer nader om bewerings van wanadministrasie met betrekking tot regering-sake te ondersoek. Die Openbare beskermer kan sake rakende alle regeringsvlakke ondersoek.

(iv) Toegang tot inligting

Plaaslike owerhede genereer en bewaar baie belangrike inligting wat nie vir die publieke oog beskikbaar is nie, bv. plaaslike owerheid se begrotings of hul kontrakte met privaat ondernemings. Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) stel gewone mense in staat om toegang tot sulke inligting te verkry. U mag PAIA gebruik om toegang tot inligting aan te vra, soos fooistrukture in verskillende handelsgebiede en bepalinge en voorwaardes van kontrakte met ander partye (bv. om huishoudelike afval in te samel of om aangewese handelsgebiede te bestuur). U kan die inligting waartoe U toegang verkry deur PAIA gebruik om U argumente te versterk wanneer U die owerhede skakel of hof toe gaan.

(v) Openbare deelname

Informele werkers kan ook besluite beïnvloed deur deelname in openbare prosesse en navrae voordat besluite geneem word. Administrateurs behoort voorsiening te maak vir openbare deelname waar hul besluite die publiek sal raak. Dit kan, byvoorbeeld, handel oor skeiding by die bron en wie die reg het om die herwinbare materiaal in te samel of oor voorstelle vir 'n nuwe informele handelsplan.

(vi) Onderhandelinge en ander vorme van kollektiewe optrede.

U kan baie gevalle van administratiewe optrede hanteer deur middel van organisering, aan te dring op vergaderings om te onderhandel, kollektiewe optrede te neem en om die publiek te mobiliseer.

Die reg op billike prosedure waarvoor voorsiening gemaak word ingevolge PAJA / die Wet op Munisipale Stelsels / verordeninge of beleide soos hierbo opgemerk, kan gebruik word in byna enige betwisting / protes. Dit sluit in:

- die reg op 'n verhoor, insluitend onpartydigheid en ontvanklikheid vir oorrading;
- die reg op inligting;
- die reg op deelname.



Foto: WIEGO

Bestudering van die blokkie hieronder toon aan hoe werkers kollektief kan optree om die optredes van besluitnemers te betwis.

Johannesburg Informele Herwinnaars se Stryd teen Privatisering en Verlies aan Lewensbestaan



Johannesburg informele uitsoekers (herwinnaars) het verneem dat die Stad 'n tender uitgereik het om private herwinningsmaatskappye aan te stel om afvalbestuursdienste aan hoë-inkomste huishoudings te verskaf. Dit was deel van die proses om die Stad se skeiding@bronprogram (separation@source programme) uit te brei. Die maatskappye sou die herwinbare materiaal insamel en teen 'n wins verkoop en ook deur die Stad betaal word om sodoende die werk te doen wat herwinnaars al vir jare doen.

Die impak hiervan was katastrofies vir die wat gemeld het dat, in gebiede waar dit reeds in plek was, hulle inkomste met meer as die helfte geval het. Ondersteun deur WIEGO en die Suid-Afrikaanse Informele Herwinnaars Vereniging (South African Waste Pickers Association (SAWPA)), het hulle regoor die Stad saamgekom. Hulle het vergaderings gehou en die Tussentydse Johannesburg Herwinnaarskomitee gestig. Ondanks die ontmoeting met die Stad en Pikitup (die Stad se afvalbestuurs-onderneming) om hul kommer en eise uit te spreek, het die Stad besluit om voort te gaan.

Die herwinnaars het die strate ingevaar en 'n optog na die kantore van Pikitup gereël. Hierdie strydstrategie was effektief. Die nuwe besturende direkteur van Pikitup het herwinnaars erken as belangrike belanghebbendes in die afval-ekonomie. 'n Taakspan is saamgestel uit die Tussentydse Johannesburg Herwinnaarskomitee, Pikitup en die Stad se Omgewings- en Infrastruktuurdiensafdeling. Hulle taak is om 'n raamwerk te ontwikkel vir informele herwinnaars se integrasie in die afval-ekonomie van die Stad.

(Sien Vanessa Pillay, "Amplifying voice, visibility and validity. Waste pickers in Jo'burg City" *South African Labour Bulletin*, Vol 41, No 4, Nov/Dec 2017) Foto: Chris Bonner

Wie om te kontak as U regshulp benodig om administratiewe optrede te betwis

As U dink dat U regsbystand gaan benodig om administratiewe optrede te betwis wat U glo onwettig, onredelik en prosedureel onbillik is, kan U WIEGO se vennote skakel wat pro bono (gratis) regsdiens in Suid-Afrika verskaf. Maak seker dat U hulle in kennis stel dat U organisasie saam met WIEGO werk.

**Die Regshulpbronne Sentrum
(LRC) OWO NR: 930/003/292
NWO -023-004**

Johannesburg
16de Vloer, Bram Fischer Torings
Albertstraat 20
Johannesburg
2001
Tel: (011) 838-6601
Faks: (011) 836-8680

Kaapstad
3de Vloer, Greenmarket Place
Short Marketstraat 54
Kaapstad, 8001
Posbus 5227
Kaapstad
8000
Tel: (021) 481-3000
Faks: (021) 423-0935

Durban
11de Vloer, Aquasky Torings
Anton Lembedestraat 275
Durban
4001
Tel: (031) 301-7572

Grahamstad
116 Highstraat
Grahamstad
6139
Tel: (046) 622-9230
Faks: (046) 622-3933

Facebook: <http://www.facebook.com/LRCSouthAfrica>
Webwerf: www.lrc.org.za
E-pos: info@lrc.org.za

Die Sosio-Ekonomiese Regte Instituut (SERI)

6de vloer Aspern House
De Korte-straat 54
Braamfontein 2001
Johannesburg
Suid-Afrika

Ontvangs: +27 11 356 5860
Faks: +27 11 339 5950

Facebook: <https://www.facebook.com/SocioEconomicRightsInstitute>
Webwerf: <http://www.seri-sa.org/>
E-pos: sanele@seri-sa.org

Laat weet asseblief WIEGO as U hierdie boekie gebruik het om munisipale besluite te betwis. U kan 'n e-pos stuur na: marlese.vonbroembsen@wiego.org



Foto: M.Chen

Opgedra aan straathandelaar-leier
en aktivis, John Makwicana (1947 – 2018).